# OFFICIAL GAZETTE

## OF SOUTH WEST AFRICA

# OFFISIËLE KOERANT

## VAN SUIDWES-AFRIKA

PUBLISHED BY AUTHORITY — UITGAWE OP GESAG

30c — Monday 16 May 1983 — WINDHOEK — Maandag 16 Mei 1983 — No. 4779

CONTENTS:


| | Page |
|---|---|
| **GOVERNMENT NOTICES** | |
| No. AG. 91 Aliens Act, 1937: Change of surname: Van der Maelen to Potgieter | 2 |
| No. AG. 92 Merchandise Marks Act, 1941 (Act 17 of 1941): Prohibition of the use of a certain emblem | 2 |
| No. AG. 93 Merchandise Marks Act, 1941 (Act 17 of 1941): Prohibition of the use of a certain emblem | 3 |
| **GENERAL NOTICES** | |
| No. 44 Correction Notice: Municpality of Tsumeb: Amendment of Electricity Supply Regulations | 3 |
| No. 45 Municipality of Mariental: Amendment of Electricity Supply Regulations | 4 |
| **ADVERTISEMENT** | 4 |


INHOUD:


| | Bladsy |
|---|---|
| **GOEWERMENTSKENNISGEWINGS** | |
| No. AG. 91 Wet op Vreemdelinge, 1937: Vansverandering: Van der Maelen na Potgieter | 2 |
| No. AG. 92 Handelswaremerke-wet, 1941 (Wet 17 van 1941): Verbod op die gebruik van 'n sekere embleem | 2 |
| No. AG. 93 Handelswaremerke-wet, 1941 (Wet 17 van 1941): Verbod op die gebruik van 'n sekere embleem | 3 |
| **ALGEMENE KENNISGEWINGS** | |
| No. 44 Verbeteringskennisgewing: Munisipaliteit van Tsumeb: Wysiging van Elektrisiteitsverskaffingsregulasies | 3 |
| No. 45 Munisipaliteit van Mariental: Wysiging van Regulasies op Elektrisiteitsverskaffing | 4 |
| **ADVERTENSIE** | 4 |


# Government Notices

# Goewermentskennisgewings

Office of the

ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

Kantoor van die

ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE GEBIED SUIDWES-AFRIKA

## DEPARTMENT OF CIVIC AFFAIRS AND MANPOWER

No. AG. 91 1983

### ALIENS ACT, 1937: CHANGE OF SURNAME: VAN DER MAELEN TO POTGIETER

In terms of section 9(1) of the Aliens Act, 1937 (Act 1 of 1937), it is hereby made known that the Administrator-General has under the said section authorized JAN VAN DER MAELEN, residing at Tacoma-Court No. 7, Tacoma Street, Suiderhof, Windhoek, to assume the surname POTGIETER.

## DEPARTEMENT VAN BURGERSAKE EN MANNEKRAG

No. AG. 91 1983

### WET OP VREEMDELINGE, 1937: VANSVERANDERING: VAN DER MAELEN NA POTGIETER

Ingevolge artikel 9(1) van die Wet op Vreemdelinge, 1937 (Wet 1 van 1937), word hierby bekend gemaak dat die Administrateur-generaal JAN VAN DER MAELEN, woonagtig te Tacomahof No. 7, Tacomastraat, Suiderhof, Windhoek, kragtens genoemde artikel veroorloof het om die van POTGIETER aan te neem.

## DEPARTMENT OF ECONOMIC AFFAIRS

No. AG. 92 1983

### MERCHANDISE MARKS ACT, 1941 (ACT 17 OF 1941): PROHIBITION OF THE USE OF A CERTAIN EMBLEM

The Administrator-General hereby prohibits, under section 15(1) of the Merchandise Marks Act, 1941 (Act 17 of 1941), the use of the following emblem of the Department of Post and Telecommunications of South West Africa, in connection with any trade, business, profession or occupation or in connection with a trade mark, mark of trade description applied to goods, except the use thereof by the said Department:

The abovementioned emblem has lain for inspection at the office of the Secretary for Economic Affairs pursuant to Government Notice AG 56 of 15 March 1983.

By order of the Administrator-General

W.A. VAN NIEKERK
Administrator-General Windhoek, 4 May, 1983

## DEPARTEMENT VAN EKONOMIESE SAKE

No. AG. 92 1983

### HANDELSWAREMERKE-WET, 1941 (WET 17 VAN 1941): VERBOD OP DIE GEBRUIK VAN 'N SEKERE EMBLEEM

Die Administrateur-generaal verbied hierby kragtens artikel 15(1) van die Handelswaremerke-wet, 1941 (Wet 17 van 1941) die gebruik van die onderstaande embleem van die Departement van Pos- en Telekommunikasiewese van Suidwes-Afrika, in verband met enige handel, besigheid, beroep of bedryf of in verband met 'n handelsmerk, merk of handelsomskrywing wat op ware aangebring is, uitgesonderd die gebruik daarvan deur genoemde Departement:

Bovermelde embleem het ingevolge Goewermentskennisgewing AG. 56 van 15 Maart 1983 ter insae gelê by die kantoor van die Sekretaris van Ekonomiese Sake.

Op las van die Administrateur-generaal

W.A. VAN NIEKERK
Administrateur-generaal Windhoek, 4 Mei 1983

DEPARTMENT OF ECONOMIC AFFAIRS

No. AG. 93 1983

MERCHANDISE MARKS ACT, 1941 (ACT 17 OF 1941): PROHIBITION OF THE USE OF A CERTAIN EMBLEM

The Administrator-General hereby prohibits, under section 15(1) of the Merchandise Marks Act, 1941 (Act 17 of 1941), the use of the following emblem of the Department of Economic Affairs, in connection with any trade, business, profession or occupation or in connection with a trade mark, mark or trade description applied to goods, except the use thereof by the said Department:

The above-mentioned emblem has lain for inspection at the office of the Secretary for Economic Affairs pursuant to Government Notice AG 55 of 15 March 1983.

By order of the Administrator-General.

W.A. VAN NIEKERK
Administrator-General Windhoek, 4 May, 1983

DEPARTEMENT VAN EKONOMIESE SAKE

No. AG. 93 1983

HANDELSWAREMERKE-WET, 1941 (WET 17 VAN 1941): VERBOD OP DIE GEBRUIK VAN 'N SEKERE EMBLEEM

Die Administrateur-generaal verbied hierby ingevolge artikel 15(1) van die Handelswaremerkewet, 1941 (Wet 17 van 1941), die gebruik van die onderstaande embleem van die Departement van Ekonomiese Sake in verband met enige handel, besigheid, beroep of bedryf of in verband met 'n handelsmerk, merk of handelsomskrywing wat op ware aangebring is, uitgesonderd die gebruik daarvan deur genoemde Departement:

Bovermelde embleem het ingevolge Goewermentskennisgewing AG. 55 van 15 Maart 1983 ter insae gelê by die kantoor van die Sekretaris van Ekonomiese Sake.

Op las van die Administrateur-generaal.

W.A. VAN NIEKERK
Administrateur-generaal Windhoek 4 Mei 1983

## General Notices

## Algemene Kennisgewings

No. 44 1983

CORRECTION NOTICE: MUNICIPALITY OF TSUMEB: AMENDMENT OF ELECTRICITY SUPPLY REGULATIONS

General Notice 35 of 2 April 1983 is hereby corrected by the substitution for the amount "R0,775" of the amount "R0,0775".

No. 44 1983

VERBETERINGSKENNISGEWING: MUNISIPALITEIT VAN TSUMEB: WYSIGING VAN ELEKTRISITEITSVERSKAFFINGSREGULASIES

Algemene Kennisgewing 35 van 2 April 1983 word hierby verbeter deur die bedrag "R0,775" deur die bedrag "R0,0775" te vervang.

No. 45 1983

## MUNICIPALITY OF MARIENTAL: AMENDMENT OF ELECTRICITY SUPPLY REGULATIONS

The council of the Municipality of Mariental has under section 242 of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963), further amended the regulations published under Government Notice 19 of 1962, as amended, by the substitution in paragraphs 5(a) and (b) of the tariff of fees and charges for the amounts "R9,00" and "R3,75" of the amounts "R10,00" and "R11,50", respectively.

The said amendments have been approved by the Administrator-General under section 243 of the said Municipal Ordinance, 1963.

No. 45 1983

## MUNISIPALITEIT VAN MARIENTAL: WYSIGING VAN REGULASIES OP ELEKTRISITEITSVERSKAFFING

Die raad van die Munisipaliteit van Mariental het kragtens artikel 242 van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 19 van 1962, soos gewysig, verder gewysig deur in paragrawe 5(a) en (b) van die aanslagtarief die bedrae "R9,00" en "R3,75" deur, onderskeidelik, die bedrae "R10,00" en "R11,50" te vervang.

Genoemde wysigings is deur die Administrateur-generaal goedgekeur kragtens artikel 243 van genoemde Munisipale Ordonnansie 1963.

# Advertisement

## MUNICIPALITY OF WINDHOEK

### AMENDMENT OF THE TOWN PLANNING SCHEME: AMENDMENT SCHEME NO. 3 VOL. 1, 2, AND 3

Notice is hereby given (in terms of Section 17 and 27(4) of the Town Planning Ordinance No. 18 of 1954, as amended) that the Municipality of Windhoek intends to submit certain amendments to the Town Planning Scheme (as approved by Ordinance No. 16 of 1976) to the Executive Committee for consideration.

Broadly the amendments comprise the following:

(a) rezoning of land
(b) reserving of land for roads
(c) amendments to the scheme clauses.

A C ARNOLD
TOWN CLERK

Notice No. 54/83 — 30 March 1983

# Advertensie

## MUNISIPALITEIT VAN WINDHOEK

### WYSIGING VAN STADSBEPLANNINGSKEMA: WYSIGINGSKEMA NO. 3 VOL. 1, 2 EN 3

Kennis geskied hiermee (kragtens artikel 17 en 27(4) van die Dorpsbeplanningsordonnansie Nr 18 van 1954, soos gewysig) dat die Munisipaliteit van Windhoek van voorneme is om sekere wysigings van die Dorpsbeplanningskema (soos goedgekeur ingevolge Ordonnansie No. 16 van 1976) aan die Uitvoerende Komitee voor te lê vir oorweging.

In breë trekke behels die wysigings die volgende:

(a) hersonering van grond
(b) reservering van grond vir paaie
(c) wysiging van skemabepalings

A C ARNOLD
STADSKLERK

(Kennisgewing Nr 54/83 - 30 Maart 1983)

Printed and obtainable from
SWAPERS
P.O. Box 56, Windhoek
South West Africa

Gedruk deur en verkrygbaar by
SWAPERS
Posbus 56, Windhoek
Suidwes-Afrika